Afrikaanse Taalgeskiedenis

"Afrikaans...(is) die uitgedrukte siel van ons volk"
- C J Langenhoven

Doelwit: Die Afrikanervolk het 'n besondere bydrae gelewer tot die ontwikkeling van Suid-Afrika. Met hierdie kenteken word gepoog om die kultuur van die Afrikanervolk aan die Verkenner oor te dra en so uit te bou om ons kultuurerfenis te waardeer en te bewaar

Weergawe: 2007

Datum: Augustus 2007

Begronding

Voortrekkerkode:
4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.

ABC: Met hierdie kenteken word Afrikanerskap hoofsaaklik aangespreek. Daar word van die Verkenner verwag om meer kennis op te doen oor sy taal en die uniekheid daarvan. Deur middel van die kenteken sal die rykdom van Afrikaans ontdek word. 'n Daadwerklike bydrae tot die voortbestaan van Afrikaans moet ook deur middel van die kenteken gemaak word.

Aanbiedingsmetodes

Tydsduur:	2 dae	Graadgroep:	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Indien die spesialisasie in span-/groepsverband afgehandel word, moet al die onderskeie keuses gedek word. • Vereistes 1 en 2 is werkstukke wat individueel of in groepsverband gedoen kan word. 'n Groep moet nie uit meer as 2 of 3 lede bestaan nie. • Slegs een onderwerp uit vereiste 1 en een uit vereiste 2 moet gedoen word. Die werkstukke moet op plakkate gedoen word met prente/sketse om dit toe te lig. (Elke groepie of individu voltooi dus een plakkaat van 'n onderwerp uit vereiste 1 en een plakkaat uit vereiste 2.) • 'n Model moet gebou word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. 'n Verslag skryf (of 'n rekenaargesteunde aanbieding - Powerpoint-aanbieding maak) oor die ontstaan en vroeë ontwikkeling van Afrikaans. Klem moet gelê word op die volgende:
   - 1.1 Die verskillende teorieë oor die ontstaan van Afrikaans.
   - 1.2 Die vroegste geskrifte in Afrikaans.
   - 1.3 Die Genootskap van Regte Afrikaners.
   - 1.4 Die Patriot.
   - 1.5 Die Bybelvertaling.
   - 1.6 Die amptelike erkenning van Afrikaans.

2. 'n Verslag skryf (of 'n rekenaargesteunde aanbieding - Powerpoint-aanbieding maak) oor die verskeidenheid van die Afrikaanse taal van die vroegste gebruik daarvan tot op hede (nuwe millennium). Maak ruimskoots gebruik van voorbeelde. Die volgende aspekte moet aandag kry:
   - 2.1 Die woordeskat van Afrikaans met verwysing na erfgoed, leengoed, eiegoed.
   - 2.2 Verskillende soorte Afrikaans, bv. Kaapse Afrikaans, Griekwa-Afrikaans ensovoorts.
   - 2.3 Afrikaans as wetenskapstaal – hoe het die taal tred gehou met byvoorbeeld rekenaar- en ruimtetegnologie, mediese navorsing, ensovoorts.
   - 2.4 Afrikaans as musiektaal – lewer ligte Afrikaanse musiek 'n bydrae tot die voortbestaan en ontwikkeling van Afrikaans?